**ADVERTENSIES**

# STEYNTJIENUUSBRIEF 15

Tel: 011 902 4904 / 4726
Faks: 011 902 5502
e-pos: presteyn@mweb.co.za

11 Mei 2017

## AKADEMIE

### DEURLOPENDE ASSESSERING

Personeel en leerders is druk besig met deurlopende assessering. Dit is belangrik dat die leerders hierdie assessering met erns aanpak en voltooi in die klasse. Dit het 'n groot invloed op die rapportpunt.

Ons rapportpunte word volgens die Nasionale Kurrikulumverklaring saamgestel uit die deurlopende assessering en die eksamenpunt. Probeer asb dat leerders elke dag teenwoordig is.

### EKSAMEN

Die eksamen neem die **1e Junie 2017** 'n aanvang. Leerders gaan hul afbakening ontvang op 15 Mei 2017. Ouers moet asb toesien dat leerders 'n duidelike saamgestelde studierooster volg sodat leerders nie onder druk hoef te studeer nie.

**Die eksamenrooster lyk as volg:**

| | | |
|---|---|---|
| Donderdag | **1/06** | **AFRIKAANS** |
| Vrydag | **2/06** | **EBW (net GR 7)** |
| Maandag | **5/06** | **TEGNOLOGIE (net Gr 7)** |
| Dinsdag | **6/06** | **SW** |
| Woensdag | **7/06** | **KUNS** |
| Donderdag | **8/06** | **ENGELS** |
| Vrydag | **9/06** | **LO** |
| Maandag | **12/06** | **WISKUNDE** |
| Dinsdag | | |
| Woensdag | **14/06** | **NW** |

## DEPARTEMENTELE VRAESTELLE

Gr 3 en Gr 6 leerders skryf dan ook Departementele vraestelle vir **ENGELS, WISKUNDE EN NW**.

- Die vraestelle word op dieselfde dag geskryf as die skool se vraestelle.
- Dit is so belangrik om goed te doen in die vraestelle. Dit dra 'n sterk beeld van ons leerders se akademie uit na buite.

**STEYNEGROETE**

# SPORT

## NETBAL

Baie geluk aan ons 0/11C, 0/10B en 0/13B wat teen Van Riebeeckpark gewen het. Ons is voorwaar trots op julle.

### MINI- NETBAL

Ons dogters speel Saterdag, 13 Mei, by Hoërskool Goudrif. (L/S Oosterkruin bied die dag aan).
Dogters sal programme by hul afrigters ontvang.

## RUGBY

Ons is baie trots op **Stephen van Deventer** wat in die 0/12 GOUE LEEUS span opgeneem is. Sterkte ou grote!

Geluk aan ons 0/9B, 0/11A en B-spanne wat gewen het teen L/S Florida.

**Volgende week se wedstryde:**

Maandag : 0/9, 10 en 11 TUIS teen L/S Fairlands.
Dinsdag : 1e, 2e, 3e TUIS teen L/S Fairlands.
Donderdag : ALLE spanne TUIS teen Trinity House.

### WELPIE- EN NOOIENTJIE RUGBY- EN NETBALDAG

Dit was absoluut ‘n wonderlike dag en ons wil almal wat kom ondersteun het, hartlik bedank. U insette het gemaak dat dit ‘n reuse sukses was. Ons waardeer u !!

### WAGAREA NA SPORTOEFENING

Graag vra ons u om u kind in Lamprechtstraat by die klein hekkie naby die Verspringputte op te laai.

Kinders **mag nie meer** in wagarea by die saal vir ouers wag nie. Kinders speel onbeheersd daar en beseer hulself en beskadig die geboue.

## GRAAD 1 INSKRYWINGS VIR 2018

Die “on-line” registrasie vir Gr 1 - 2018 vorder goed. Indien u reeds geregistreer het en nog nie ‘n inskrywingsvorm ontvang het nie, kom haal asb die inskrywingsvorm af by die skool.

Reeds voltooide inskrywingsvorms moet so spoedig moontlik terug-gebring word. Navrae kan aan die skool gerig word.

## LAERSKOOL PRESIDENT STEYN

**OPEDAG 25/05**

**(Gr 1’s en Gr 1 ouers van 2018)**

Ons **OPEDAG** vir voornemende **Gr 1’s en Gr 1 ouers van 2018** gaan plaasvind op:

**Donderdag 25 Mei 2017** om **16:00 tot 18:00**

in die skoolsaal vir die ouers en die kleuters het ‘n program buite!

**DAN IS DAAR OOK:**

## KALOSSIE KLEUTERSKOOL

**27/05**

**OPEDAG vir inskrywings 2018**

KOM SKRYF IN VIR **2018.**

- Ons nooi ons voorskoolse ouers van kleuters in 2018 na Kalossie se opedag vir Gr R, RR en RRR.
  - Dit gaan plaasvind op **Saterdag 27 Mei 2017** vanaf **08:00 tot 12:00.** **Kontak Nr: 011 907 8962**

***ADVERTENSIE***